

Woensdag 3 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 19:1-10

Fokusgedeelte: Lukas 19:8;
Heidelbergse Kategismus 32:86

Deur ons goeie werke toon ons ons dankbaarheid teenoor God

Dat ons goeie werke doen om ons dankbaarheid teenoor God te toon, is van besondere belang. Daardeur word onder andere duidelik standpunt teen die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) ingeneem. Hulle sê dat die doen van goeie werke in die afdeling van die verlossing tuishoort, want deur die doen van goeie werke moet ek help om my verlossing uit te werk. Christus, sê hulle, het baie gedoen om ons te verlos, maar nog nie alles nie. Daarom moet ek self ook 'n deel bydra, en dit doen ek deur my goeie werke.

Volgens die Skrif is dit egter nie waar nie. Met al my goeie werke kan ek nie 'n greintjie van my redding uitwerk nie, omdat slegs die goeie werke by God enige verdienste het, wat absoluut volmaak is – en dit is ons goeie werke nooit. Die beste daarvan is onvolkome en met sonde bevlek (Jes. 64:6; Gal. 3:10). Daarom bely ons: Christus het ons volkome verlos, en as daar van goeie werke sprake kan wees, kan dit slegs in die dankbaarheids-deel van ons leer en lewe wees. Ons doen goeie werke om te toon hoe dankbaar ons is vir die verlossing deur Christus. Wie daarvoor dankbaar is, *moet* goeie werke doen. Wie geen goeie werke doen nie, toon daardeur dat hy nie deel het aan die verlossing deur Christus nie.

Dat hierdie verlossing dankbaarheid tot gevolg het wat in goeie werke geopenbaar word, sien ons by verskeie persone in die Skrif:

- Ons sien dit by Saggeus (Luk. 19:1-10). As tollenaar het hy mense afgepers en geld geneem wat hom nie toegekom het nie. Maar toe hy tot geloof in Christus gekom het en van sy sonde verlos is, het sy lewe totaal verander. Hy het in die openbaar aan Jesus gesê dat sy lewe voortaan nie meer deur bedrog en afpersing gekenmerk sal word nie, maar deur die doen van goeie werke: deur hulp aan die armes en deur die geld wat hy afgepers het, vierdubbeld terug te gee.
- Ons sien die dankbaarheid by die Samaritaan wat Christus van sy melaatsheid genees het (Luk. 17:11-19). Terwyl die ander nege net 'n wondergeloof gehad het, het hy 'n ware saligmakende geloof in Christus gehad. Daarom het hy teruggekom en Jesus bedank.
- Die misdadiger aan die kruis het ook so opgetree (Luk. 23:39-42).

Dit is duidelik dat iemand wat aan die verlossing deur Christus deel het, nie anders kan as om dankbaar te wees en uit dankbaarheid goeie werke te doen nie. Wie met blydschap kan sê: “Hy’t my verlos en aan my welgedaan”, sal spontaan vra: “Wat kan ’k die Here vir al sy guns vergeld? Wat kan ’k Hom bring uit dank vir sy genade?” (Ps. 116 berymd).